

DISSIPELSKAP. SUPPLEMENT 7

LEIERSKAP LEIDING GEE AAN 'N HUISGEMEENTE

'n Huisgemeente (huisgemeenskap, huisgroep, kleingroep of dissipelgroep) is 'n groep tussen 4 en 15 gelowiges wat ten minste eenmaal per week in 'n huis bymekaarkom om mekaar op te bou.

1. Praktiese voorstelle vir 'n huisgemeente (huisgemeenskap, huisgroep, dissipelgroep)¹.

Hou die plaaslike omstandighede in gedagte as jy 'n huisgemeente opbou.

Sommige huisgemeentes het die volgende karaktertrekke:

- Hulle kom minstens eenmaal per week bymekaar.
- Hulle kom elke week in die huis van een van die groeplede bymekaar of maak beurte om in verskillende groeplede se huise bymekaar te kom. Kom bymekaar in 'n plek waar julle nie die bure steur nie en waar julle nie aandag trek nie.
- As die groep meer as 15 lede word, verdeel dan in twee groepe en kom op verskillende tye op verskillende plekke bymekaar.
- Moenie aandag trek deur hard te sing, te praat of te bid nie. Doen alles saggies. In moeilike omstandighede moet dit nie moontlik wees om die groep buitekant die bymekaarkomplek te hoor nie.
- Kom by die bymekaarkomplek aan en verlaat die plek alleen of in pare, maar nooit tegelyk nie. Dit trek te veel aandag.
- Besluit saam wat julle vir ander mense mag vertel oor julle huisgemeente.
- Nooi nêr 'n nuwe persoon uit om na julle huisgemeente te kom as ELKEEN in die huisgemeente daarmee saamstem.
- Die groepleier van die huisgemeente moet 'n assistent hê wat hy oplei om 'n nuwe groepleier van 'n huisgemeente te wees.
- Net die groepleier het 'n afskrif van die Handleiding vir groepleiers. Die ander groeplede maak hulle eie notas.
- Die doel van die huisgemeente is om mekaar op te bou deur elkeen toe te laat om aktief deel te neem.

2. Die program van 'n huisgemeente.

- **Die handleiding vir groepleiers** is in die eerste plek nie vir groepslede bedoel nie. Elke handleiding het 'n duidelike weeklikse of tweeweeklikse program. Vgl. die inhoudsopgawe.
- **Een huisgemeente kom elke week bymekaar.**
Dis 'n siklus van 2, 3 of 4 weke.
- **Opleiding in alleen dissipelkap (2 weke siklus):**
 - Dissipelkap (A) elke 1ste en 3de week van die maand: veral aanbidding en onderrig.
 - Dissipelkap (B) elke 2de en 4de week van die maand: veral memorisering en Bybelstudie.
 - Verder uitwisseling van stiltetye, gebed of voorbede en tuiswerk kry.
- **Opleiding in dissipelkap en erediens (3 of 4 weke siklus):**
 - Twee weke dissipelkap (A+B) en een week erediens (C).
 - Of dissipelkap (A) gevolg deur 'n erediens (C) en dan dissipelkap (B) gevolg deur 'n erediens (C).
- **Die 3 weke siklus lyk as volg:**
 - Gedurende die eerste week: dissipelkap
 - Gedurende die tweede week: dissipelkap.
 - Gedurende die derde week: erediens als huisgemeente

Dissipelkap (A)

- AANBIDDING (+ 'n lied)(20 min)
- deel stiltetye (20 min)
- ONDERRIG (70 min)
- reagerende gebed (8 min)
- voorbereiding vir tuis (2 min)
- tee en gemeenskap (stil)

Dissipelkap (B)

- MEMORISERING (20 min)
- deel stiltetye (20 min)
- BYBELSTUDIE (70 min)
- voorbeding (8 min)
- voorbereiding vir tuis (2 min)
- tee en gemeenskap (stil)

Erediens in 'n huis (C)

- sang (45 min)
- PREDIKING (15 min)
- gebed (30 min)
- Nagmaal, doop of maaltyd
wanneer nodig (30 min)

3. 'n Wyse huisgemeente.

Op party plekke mag die bure vyandig wees. Jesus Christus vermaan gelowiges om in moeilike omstandighede baie wys te wees. Moenie dat die manier waarop julle bymekaarkom die bure aanstoot gee nie. Oordink of dit wys sal wees om liedere te sing tydens die byeenkomste of nie. Moenie hard praat of bid tydens die byeenkomste nie. Praat en bid

¹ Engels: House fellowship

saggies sodat niemand wat net buitekant die deur staan die groep kan hoor nie. Oefen en oefen om 'n wyse gemeenskap of groep te word!

4. 'n Huisgemeente wat verantwoording aan mekaar aflê.

Die huisgemeenskap is 'n ware deel van die Liggaam van Christus (die één Kerk in die wêreld)!

Lees 1 Korintiërs 12:12-28.

- As die huisgemeenste deel van 'n bestaande gemeente is, volg dan die riglyne van dissipelskap A en B gedurende die week of op 'n ander tyd op Sondag.
 - As die huisgemeenskap nêé deel van 'n bestaande gemeente is nie, volg dan die riglyne van dissipelskap A en B (vgl. Handeling 17:1-4) en die erediens C (Handeling 20:20). Of 'volg 'n maandelikse siklus van dissipelskap A, erediens C, dissipelskap B en erediens C. Oorweeg dan wat julle moet doen met:
 - doop (Handeling 9:17-18)
 - Nagmaal (Handeling 20:7-8)
 - bidure (Handeling 12:12)
 - huweliksluiting
 - begrafnis
 - leiding deur ouderlinge (kerkraad)(Handeling 20:28)
 - En indien nodig, met kerklike tug (1 Korintiërs 5:9-13)
 - Die deelnemers van die huisgemeente beskou hulle huisgemeente, huisgemeenskap, huisgroep of dissipelgroep (Romeine 16:5; 1 Korintiërs 16:19; Kolossense 4:15 en Filemon 2) as 'n deel van die gereelde byeenkoms van gelowiges wat in Hebreërs 10:24-25 genoem word: “Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.” Daarom is die deelnemers van die huisgemeente vasbeslote om na elke byeenkoms van die huisgemeente toe te kom. Daar word hulle opgebou en bou hulle andere op.
 - Die deelnemers van die huisgemeente berei die volgende byeenkoms voor deur elke dag stiltetyd te hou, en hulle stiltetyd gedagtes in hul notaboekie op te teken.
 - Die deelnemers van die huisgemeente beloof om leergierig te wees en toe te pas wat hulle leer. Die deelnemers van die huisgemeenskap help mekaar om te groei, bemoedig mekaar, deel hulle behoeftes met mekaar en bid vir mekaar. En hulle is bereid om hulle persoonlike worstelings en hulle vordering in geestelike groei met die ander groepslede te deel.
-